



DOELWITTE EN RIGLYNE VAN DIE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET

Die **doelwitte** van 'n wet verduidelik wat die wet probeer bereik.
Riglyne is die waardes wat die wet omhoog sal hou.

Watter doelwitte moet die Kindersorg- en Beskermingswet probeer bereik? Watter waardes moet die Kindersorg- en Beskermingswet omhoog hou? Om hierdie vrae te beantwoord, moet ons dink oor die vernaamste probleme wat kinders in Namibië ondervind. Die nuwe wet moet hierdie probleme aanspreek om van hulp te wees vir Namibiese kinders sal wees.

Doelwitte

Die doelwitte van die voorgestelde Kindersorg- en Beskermingswet is om:

- kinderregte in die Namibiese Grondwet omhoog te hou
- internasionale ooreenkomste wat op Namibië bindend is te implementeer
- die beskerming van families te bevorder
- die beste belange van die kind te bevorder
- gemeenskapstrukture te versterk en te ontwikkel wat sorg en beskerming aan kinders bied
- kinders van diskriminasie, uitbuiting en ander vorme van gevaar te beskerm
- kinders met behoefte aan sorg en beskerming te ondersteun
- in die algemeen beskerming, ontwikkeling en die welsyn van kinders te bevorder.

Riglyne

Die voorgestelde Kindersorg- en Beskermingswet sê dat alle besluite wat kinders affekteer moet:

- bestand wees met die Namibiese Grondwet, die Kindersorg- en Beskermingswet en die beste belange van die kind
- die kind se menswaardigheid respekteer
- die kind redelik behandel
- die kind beskerm teen alle onredelike diskriminasie, insluitend diskriminasie gebaseer op die gesondheidstatus van die kind of gestremdheid van die kind of 'n familie lid van die kind
- die kind se behoefte vir ontwikkeling, om te speel en om te ontspan erken
- die kind se spesiale behoeftes aanspreek as die kind 'n gestremdheid het.

Daar is ook ander addisionele beginsels:

- Familie deelnames:** Besluite moet slegs geneem word nadat die kind se familie 'n kans gegee is om hulle sienswyses te uiter (as dit in die beste belange van die kind is).
- Vermy konflik:** Sake rondom kinders moet onderhandeling gebruik om 'n ooreenkoms te bereik en konflik moet so ver as moontlik vermy word.
- Vermy vertraging:** Beweeg so gou as moontlik in die besluitneming rakende kinders, omdat vertraging 'n impak op die kind se ontwikkeling tot volwassenheid maak.
- Goeie kommunikasie:** Kinders van voldoende en volwasse ouderdom moet ingelig word van alle aksies en besluite wat hulle kan affekteer. Ouers het ook 'n plig om hulle in te lig.

Word ander doelwitte benodig?

Word ander beginsels benodig?

KINDER DEELNAME

Kinder deelname is 'n sleutelbeginsel. Kinders met die nodige ouderdom, volwassenheid en in hulle stadium van ontwikkeling moet 'n kans gegee word om uiting aan hulle opinie te gee oor besluite wat hulle affekteer. Dit is belangrik omdat kinders hulle eie denke en gevoelens het – hulle moet nie soos besittings hanteer word, of oor geargumenteer word nie.

Hoe word spesifieke “beste belange” van die kind bepaal

Een van die wet se doelwitte is om die beste belange van die kind te bevorder. Dit beteken dat die beste belange van 'n spesifieke kind enige besluit rondom die kind moet lei. Byvoorbeeld, veronderstel dat die ongetroude ouers van 'n kind nie kan ooreenkom of die kind met die pa of ma moet leef nie. Die hof sal dan na die beste belange van die kind kyk om op 'n antwoord vir die vraag te besluit. As die pa werk as 'n vrugmotor bestuurder en die meeste van die tyd op die pad spandeer, dan is dit moontlik in die beste belange van die kind om by die ma te bly. Dit is 'n baie eenvoudige voorbeeld. In werklikheid is daar baie faktore wat 'n rol speel wanneer die beste belange van die kind in ag geneem word. Die voorgestelde wet sluit ook 'n lang lys van faktore in wat besluitnemers in ag moet neem. Hier is 'n opsomming:

- Die kind se geslag, ouderdom, agtergrond, volwassenheid en vlak van ontwikkeling
- Die kind se kulturele-, etniese- en geloofsidentiteit
- Die impak van enige gestremdheid of kroniese siektes
- Die aard van die kind se verhouding met die ouers, broers en susters en ander verwantes en met ander mense wat belangrik is in die kind se lewe
- Die gesindheid en gedrag van die ouers of die versorger
- Die kapasiteit van die versorger om in die kind se fisiese, emosionele, intellektuele, geestelike ontwikkeling en opvoedkundige behoeftes te voorsien
- Die belangrikheid om kontak met familielede te behou (sal 'n spesifieke verandering dit makliker of moeiliker maak om sulke kontak te behou?)
- Die behoefte om die kind teen gevaar te beskerm
- Enige geskiedenis van familiegeweld teen kinders en ander familielede
- Die behoefte vir 'n stabiele familie omgewing (as dit moontlik is).

Is daar ander faktore wat belangrik is in die bepaling van die beste belange van die kind?

MAAK DIE VOORGESTELDE WET GESKIK VIR NAMIBIË

- ☉ Watter probleme en sake ondervind kinders in Namibië?
- ☉ Watter goeie maniere is daar om kinders betrokke te maak in besluitneming oor hulle lewens, terwyl hulle nog steeds onderrig word om hul ouergades te respekteer?
- ☉ Watter sal die mees gepaste wees vir die Namibiese Kindersorg- en Beskermingswet?
- ☉ Watter faktore sal help om 'n spesifieke kind se beste belange te identifiseer?

JY KAN HELP OM DIE NUWE WET TE FORMEER.

- (1) **MAAK 'N REGMERKIE** (✓) in die blokkie langs die punte waarmee jy saamstem.
- (2) **MAAK 'N KRUIS** (x) in die blokkie langs die punte waarmee jy NIE saamstem nie.
- (3) **SKRYF NEER** enige ander punte wat jy wil byvoeg. Gebruik 'n ekstra blad as dit nodig is.
- (4) **FAKS OF POS** hierdie blad en gebruik die besonderhede hieronder.

As jy enige korter insette wil maak, stuur jou voorstelle per e-pos of geskrewe selfoon boodskap na:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak Monalisa Zatzirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).